# Gedigte

**Hennie van Coller**

## Impasse

Ek en sy het bot gestaan in die kombuis.
Daelank het ek getob, dan besluit, waag
dit vandag. Tog besef nog voor my vraag,
nêrens in dié stokou huis is ek meer tuis.

Ek wou vertel van ferm borste, ’n jong lyf,
van ’n gladde vel, hitsige gedrag,
hier is haar domein, is sy gelukkig. Sy lag.
Ek onthou ’n groot tafel met kinders, bly swyg.

Stoomdampe hang wit om haar, lig soos kant,
’n voorskoot wasig soos ’n bruilofskleed,
rimpels gou gladgestryk hier voor my hand
wat huiwer voor die leë niemandsland.
Sy vra: “Wat wou jy sê? Het jy vergeet?
Kom jong, ons moet vanaand by Boet gaan eet.”

## Van blomme gepraat

Digters is van nature week en weemoedig.
Ook die gode is hul selde ooit ter wille,
soos blomme bly hul in hul knop geknak.
Selfs ruisende riete, dansende afodille
en klaprose in rye beur hul selde op;
geluk bly ontwykend soos visse in ’n wak.
Net so durend as piepjonge, slappe slaai.
Roerloos luister party na die roep van meeue,
of na bekende bootgeluide in die nag,
ander weer na Utrecht se trae water
wat voortstroom in sy Oude gracht.

## Herman se ruiters

Soos Herman se roekelose ruiters
het ek die hings bestyg,
hom ingetoom met sesure
(aleksandryne het hom laat hyg)
laat galop met ryme;
die drif gevoel, en vitaliteit -
myne en syne.
Die veld was vlak.
Alles maklik en vlot.
Toe ek hom die stal inlei,
trillend met salpeternatflanke,
die boom laat val
kon ek sweer ek was sy baas.
Kees Fens is dood, André dood
stil, Alewyn en Rob haas vergete,
net uitgetredenes skryf nog verbete.
Buite die stal lê vuil strooi en mis,
spore net van daadkrag en drif.